Publication: Burger, Die (Metropool) (SakeNuus)
Publication Date: 15 Feb 2021
Page: 12
AVE: 114022.22
Circulation: 53483
Part: 1 of 1

GROENKRAG

'n Gejuig oor Cyril se beloftes

Francois Williams

Die son- en windkragbedryf het Vrydag gejuig oor pres. Cyril Ramaphosa se aankondiging in sy staatsrede van nuwe bodrondes wat kom vir groenkrag, asook die beoogde verslapping van reëls oor eie kragopwekking.

Die vinnige uitbreiding van kragopwekking te midde van beurtkrag is een van die prioriteit-ingrepe wat hy aangekondig het.

■ Ramaphosa sê vordering word gemaak om Eskom in drie dele te verdeel en die maatskappy vorder met instandhoudingswerk om die betroubaarheid van sy steenkoolkragstasies te verbeter;

■ Hy kon nie nuwe vordering bekend maak oor hoe die regering Eskom gaan help om sy skuldlas van meer as R480 miljard te hanteer nie. Hy sê net daar word ten nouste met Eskom saamgewerk aan voorstelle om sy geldsake te verbeter en sy skuld en sy afhanklikheid van die staatskas te verminder (Eskom het R350 miljard se staatswaarborge);

■ Om Eskom se geldsake te verbeter, noodsaak 'n hersiening van sy tariewe sodat dit alle billike koste weerspieël. Hieruit kan dalk afgelei word dat Ramaphosa hoër kragtariewe steun. Hy sê oplossings is nodig vir munisipaliteite se enorme skuld aan Eskom;

■ Hy het daarna belowe dat die departement van minerale bronne en energie binnekort die suksesvolle tenders sal aankondig vir die noodprogram vir 'n bykomende 2 000 MW krag wat binne ses tot 18 maande gebou kan word;

■ Hy het beloof die regering sal binne 'n paar weke voorstelle vra vir die vyfde bodronde van die groenkragprogram vir 2 600 MW son- en windkrag. Nog 'n bodronde sal in Augustus aangekondig word. Dis om die gaping van tussen 4 000 MW en 5 000 MW te help vul wat in die volgende vyf jaar gaan ontstaan weens ou steenkoolkragstasies wat sal moet sluit;

■ Regulasies sal gewysig word sodat munisipaliteite wat kwalifiseer, elektrisiteit van onafhanklike produsente kan aankoop;

■ Die Wet op Elektrisiteitsregulering sal binne drie maande gewysig word sodat meer mense hul eie krag kan opwek sonder dat hulle om 'n lisensie hoef aansoek te doen. 'n Bykomende 5 000 MW sal opgewek word wat ook beurtkrag kan help verminder; en

■ Eskom gaan beleggersvennote soek wat hom kan help om sy steenkoolkragstasies wat moet sluit, aan te pas of om te skakel na groenkrag-aanlegte.

Die Excelsior-windplaas van 32,5 MW sowat 30 km suidwes van Swellendam in die Overberg wat deur BioTherm Energy ontwikkel is. Die windplaas het op 23 Desember verlede jaar kommersieel in bedryf gekom. Dit bestaan uit 13 windturbines met 'n vermoë van 2,5 MW elk.

Die bedryf se reaksie

Die Suid-Afrikaanse **Fotovoltaïese Bedryfsvereniging (Sapvia)**, wat die meeste groot sonkragmaatskappye verteenwoordig, verwelkom die besluit om die perk vir verpligte lisensiëring vir eie kragopwekking te verhoog.

Verspreide opwekking sal baie vinnig nuwe kragopwekkingsvermoë by die kragnetwerk kan voeg, beurtkrag verlig en werk skep, asook plaaslike inhoud en nywerheidsontwikkeling aanmoedig, sê Nivesh Govender, bedryfshoof van Sapvia.

Sapvia vra al lank om die stelselmatige verslapping van lisensiedrempels om die aansienlike geleentheid in verspreide opwekking te ontsluit, sê Govender.

Sapvia verwelkom ook die steun van Eskom self, asook ander belanghebbers, vir die verhoging van die lisensieperk van 1 MW tot 50 MW. Tans moet enige onderneming, soos 'n fabriek, kantoorgebou of winkelsentrum, wat selfs net 1 MW van sy eie krag deur byvoorbeeld dakgemonteerde sonpanele wil opwek, eers by Nersa om 'n lisensie aanoek doen. Maar as die drempel tot 50 MW verhoog word, beteken dit veel meer ondernemings sal aangemoedig word om hul eie opwekkingsvermoë te installeer.

Govender sê dit sal die druk op Eskom se sukkelende kragnetwerk verlig.

Die Suid-Afrikaanse **Windenergievereniging (Sawea)** verwelkom die nuus oor twee nuwe bodrondes vir groenkrag. Dit wek herinneringe op van die goeie tye van die eerste paar bodrondes waarin aansienlike nuwe windkragvermoë in Suid-Afrika gebou is en wat miljarde rande se buitelandse en plaaslike beleggings gelok het, sê Sawea.

Die bedryf is bly oor die sterk steun van die president vir 'n tweede opeenvolgende jaar, sê Ntombifuthi Ntuli, uitvoerende hoof van Sawea.

Die twee bodrondes kort ná mekaar sal verseker daar is volgehoue verkryging van nuwe kragopwekking en dit sal plaaslike nywerheidsontwikkeling in die windkragsektor steun, asook langtermynwerkgeleenthede.

Sawea sien ook uit na die aankondiging van die voorkeurbieërs in die noodkragprogram van 2 000 MW, want windkragprojekte is ook deel daarvan.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.